

Lanklaas is daar so baie nuusruimte aan lewenspolisse afgestaan en op sosiale media gal gebrak soos die afgelope week nadat Momentum geweier het om 'n polis uit te betaal.

Die rede vir die moles? Die oorledene is dood in 'n skietery. Momentum het geweier om die polis op sy lewe uit te betaal, omdat hy in sy polisaansoek nie verklaar het dat sy bloedsuiker hoog was nie.

Maar uiteindelik het Momentum se knieë lam geraak vir die "geraas" op Twitter en in die nuuskolomme van die media en toe besluit hy om tog maar 'n bedrag uit te betaal.

Ek wil nie betrokke raak by 'n debat oor Momentum se aanvanklike besluit of sy terugkrabbeling daarvoor nie, buiten om te sê ek het geen geduld met leuenaars en bedrieërs nie. In ons praktyk pos ons kliënte wat tersaaklike

# Momentum-polisdebakel: Wat is die les vir jou?

Nico van  
Gijsen



**Raad met jou rande**

inligting van versekeraars probeer weerhou nog voordat ons by die aansoekvorm kom.

Terloops, Momentum was in 2012 in 'n soortgelyke situasie. Die oorledene is geskiet in 'n taxiverwante voorval. In

sy polisaansoek is sy beroep aangegee as 'n passasiersbusoperateur/eienaar. Omdat hy nie bygevoeg het dat hy ook 'n taxi-eienaar was nie, was dit genoeg rede vir Momentum om nie uit te betaal nie. Momentum het destyds nie vir taxi-operateurs dekking gegee nie.

'n Lewenspolis, of enige risikopolis, koop jy om voorsiening te maak vir 'n finansiële risiko. Ontydig doodgaan is so 'n risiko. Die polis moet sorg vir geld as jy nie meer daar is nie. Dis hoe eenvoudig dit is.

Die belangrikste oorweging as jy 'n polis koop, is dat jy moet seker wees dat die polis, sou 'n eis ontstaan, wel

sal uitbetaal. En dit kan net gebeur as die versekeraar by die aanvang van die polis ál die inligting tot sy beskikking het om 'n besluit oor die risiko te neem. Ons noem dit onderskrywing.

Dit beteken onder meer ook mediese vrae en selfs mediese en bloedtoetse. Party versekeraars doen nie die volle onderskrywing by die aansoekstadium nie, maar wel by eisestadium. As jy dus gelieg het - en om iets soos diabetes of rookgewoontes te verswyg is lieg - kan dit beteken dat die polis nie uitbetaal nie.

Wat het jy dus reggekry? Jy het dalk 'n paar rand aan premies gespaar,

maar wat doen jy aan jou naasbestandes?

Oor die algemeen, hoe makliker en korter die pad is om 'n polis uit te neem, hoe sekerder kan jy wees dat verdere onderskrywing gedoen gaan word by eise-stadium. Anders gestel, kan daar gesoek word na redes om nie die polis uit te betaal nie.

Ek weet van twee versekeraars, Sanlam en Old Mutual, by wie jy seker kan wees dat, as hulle jou aanvaar het, sal die polis uitbetaal. As jy byvoorbeeld laf genoeg is om later te begin rook hoef jy hulle nie in te lig nie. Ander versekeraars vereis dat jy hulle inlig en

sal dan jou premie dienooreenkomstig verhoog.

Terloops, in die geval van die taxi-eienaar hierbo het sowel Sanlam as Old Mutual uitbetaal. Maar dan, hulle het taxi-eienaars wel verseker.

Wat my bring by die belangrikheid om jou kontrak te lees. Versekeraars sal net uitbetaal kragtens kontrak. Kyk watter openbaarmakings word vereis. Kyk wat word in watter omstandighede uitgesluit.

Jou polis is soos 'n huwelik, goed of sleg, tot die dood toe.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**